Vleuels

Hoërskool Adamantia

www.addies.co.za • e-pos: addies@telkomsa.net • Tel: 053 833 3557

01 van 2012

TOP 10 – NOVEMBER 2011

GRAAD 8:

10.	Monique Kammies	73,8 %
9.	Martin Visagie	74,3 %
8.	Jana Swanepoel	75,1 %
7.	Marius Cilliers	77,3 %
6.	Estelle Fillis	78,0 %
5.	Wilsca Smith	78,3 %
4.	Carina Labuschagne	81,4 %
3.	Bianca Laubscher	83,1 %
2.	Simoné Stoltz	84,1 %
1.	**Eroné Pretorius**	**90,9 %**

GRAAD 9:

10.	Anastachia Barnard	69,8 %
9.	Melani Momberg	71,1 %
8.	Jaco Enslin	72,4 %
7.	Petro van der Merwe	72,6 %
6.	Lulu Smith	73,4 %
5.	Lize Brand	81,9 %
4.	Elzanne Coetzee	84,8 %
3.	Elzani Steynberg	86,2 %
2.	Lancester-Lee van Staden	86,3 %
1.	**Terina van Schalkwyk**	**90,8 %**

GRAAD 10:

10.	Kayléne Pretorius	65,7 %
9.	Freek Potgieter	65,9 %
8.	Johan Schoultz	66,1 %
7.	Carley Reyneke	68,9 %
6.	Anneri Nel	69,7 %
5.	Justin Edwards	70,0 %
4.	Natasha Prinsloo	70,4 %
3.	Dirk Coetzee	72,0 %
2.	Geerhardt Ras	76,7 %
1.	**Tanya Sinden**	**79,3 %**

GRAAD 11:

10.	Albert Hensberg	63,4 %
9.	Marchant Mentz	65.1 %
8.	Louriaan van Biljon	66,4 %
7.	Chanté Lackey	68,1 %
6.	Shanice van Wyk	69,4 %
5.	Rezaan Almendro	70,4 %
4.	Chanté Marais	70,9 %
3.	Kurtley Jansen	71,0 %
2.	Elzette Henning	76,3 %
1.	**Lynette Theunissen**	**83,4 %**

ALGEMENE RAAD 2012

GRAAD 8
Casper Steynberg
Chantelle Masuret
Nolene van Wyk

GRAAD 9
Roland Blunden
Jan-Hendrik van Zyl
Simoné Stoltz

GRAAD 10
Lancester Lee van Staden
Claudine Bindeman
Melani Momberg

GRAAD 11
Arno Erasmus
Freek Potgieter
Dandré Diergaardt

GRAAD 12
Marchant Mentz
Elzette Henning
Mercy Jacobs

SPIEËLTJIE, SPIEËLTJIE AAN DIE WAND

Marike van Wyk het haar matriekjaar aan Adamantia in 2010 voltooi. Sy was een van ons trotse leerders en het die portefeulje van onderhoofdogter beklee. Sy het haar studies aan die Universiteit van Bloemfontein voortgesit.

Marike het gedurende haar eerste jaar haarself as 'n Jooldebutant beskikbaar gestel. Sy het verskeie projekte geloods, en die keuringsproses was nie op 'n skinkbord aangebied nie! Ten einde laaste is sy een van die 10 finaliste (uit 'n groep van 40 talentvolle jong dames). Adamantia hou duime vas – die Krongingsbal is 3 Februarie 2012. AHS is trots op oudleerders se prestasies

DRAMA, KUNS, KULTUUR - AAN DIE GONS!

Tydens Adamantia se eerste Kultuur-vergadering vir 2012 was daar 'n ongekende gees van opgewondenheid. Daar is nie net ruimte vir sport en akademie nie – die kunste gaan hierdie jaar weer hulle staal (kleur) wys.

Gedurende die derde kwartaal gaan Me. S. Gouws twee toneelstukke op die planke bring. Rolverdeling en oudisies is aan die orde van die dag – hierdie groep leerders se harde en toegewyde werk lê voor. Die toneel vorm deel van die Kultuuraand waar 'n verskeidenheidsprogram aangebied sal word. Me. G. Swart gaan gedurende die jaar betrokke wees by die afrigting van sommige redenaars- en debatleerders – baie dankie aan haar aangesien sy in haar private hoedanigheid by Addies betrokke is.

ADDDIEvan die week

23 Januarie 2012

Tennis:
Freek Potgieter (3de plek in NK-tennisproewe)
Geerhardt Ras (7de plek en NK-tennisproewe)

Fietsry:
Len-Michael Fouché (NK 0/16-kampioen - "Time trial & road race" gewen)

Gimnastiek:
Lebogang Serage ("Rhythmic Gymnastics World Gymnaestrada" Desember 2011)
Bianca Gouws ("Rhythmic Gymnastics World Gymnaestrada" Desember 2011)

30 Januarie 2012

Fietsry:
Charles Peter Mathewson (SA-Fietsry-span)

Jukskei:
Marchant Mentz (SA-Junior Kampioenskappe)

Boks:
Christo van Zyl

ROLBAL

Charles Peter Mathewson is verkies tot die 0/19 span wat in die nabye toekoms gaan deelneem aan die Interstreek Toernooi te Bloemfontein. Alle sterkte word hom toegewens.

JUKSKEI – SA JUNIOR KAMPIOEN-SKAPPE 10-16 Desember 2011

Die volgende leerders het deelgeneem aan hierdie kampioenskappe en het as volg presteer:

Meisies o/16 A-span: Kaylin Damons en Hildegard du Plessis

Seuns o/19 A-span: Marchant Mentz (Ver-werf goud in SA Dubbelspel)
Streekspanne: Marchant Mentz (gekies tot die o/19 SA A-span) en Vinlene van Wyk (gekies tot die SA Akademiespan)

NETBAL

Netbalproewe word gehou op Dinsdag 21 Februarie en Donderdag 23 Februarie 2012. Oefeninge het alreeds die week begin en daar gaan veral nou op fiksheid gekonsentreer word, sodat spelers fiks vir die proewe kan wees. Soos in die verlede sal die oefeninge op Maandae, Dinsdae en Donderdag vanaf 14h00 tot 15h00 plaasvind. Ons maak staat op alle spelers se samewerking. Kom ons bou voort op verlede jaar se suksesse.

HOKKIE

Alhoewel hokkie ’n wintersport is, begin voorbereiding reeds in die 1ste kwartaal. Leerders wat aan somersportsoorte deelneem, word beslis nie tydens keuring gepenaliseer nie – inteendeel, hulle fiksheid is ’n bonus!

Die belangstelling is positief. Daar sal beslis 4 spanne op die veld wees. Ouers wat as hokkieafrigters kan optree, kan gerus kom hand bysit – skakel met me. H. Haasbroek (053 861 1108 of 082 3263 884). Indien u bewus is van ’n knap afrigter – tree asseblief met haar in verbinding!

Belangrike datums om te onthou:

- *Sat. 3 Maart* – Fichartpark sportdag te Bloemfontein (0/16A en 0/19A)
- *Sat. 10 Maart* – Hartswater sportdag te Hartswater – gaan probeer om al die spanne daar te kry!

De Aar is ook nog op die moontlikheidslys – ons sal graag weer by hulle wil gaan draai aangesien hierdie vooraf wedstryde baie goed vir die spelers se spelkombinasie is.

SKAAK

Dirk Coetzee in Gr 11(1) het November verlede jaar vir die 10de keer Noord-Kaap kleure verwerf vir Skaak vandat hy in Graad 1 was. Hy het toe ook gaan deelneem aan die SA Jnr Skaakkampioenskappe in Port Elizabeth - sy 8ste SA's deelname aan hierdie groot jaarlikse gebeurtenis sedert Graad 1. Hy was speler nommer 2 in die Onder 18 B NK span vir 2011.

ATLETIEK

Die kleuresport wat op 20 Januarie plaasgevind het, was ’n groot sukses. Die enigste bestaande rekords wat gebreek is, was Nico van Wyk in die 100m en Johan Schoultz in die diskus vir seuns onder 17. Aangesien die gewigte van die dogters spiesgooi en gewigstoot vanjaar verander is, is daar ook nuwe rekords in die items. Die snawels behaal 957punte en die kloue 851 punte. Die groot brul is ook deur meer leerders bygewoon. Dit bly egter ’n groot bron van kommer dat soveel leerders nie betrokke is by aktiwiteite wat deur die skool aangebied word nie. In die proses mis hulle uit op baie pret waaroor die meeste eers in latere jare spyt sal wees. Baie dankie aan al die onderwysers, ouers en leerders wat bygedra het om van die dag ’n sukses te maak. Sterkte aan al die atlete wat aan verdere byeenkomste gaan deelneem. Al die byeenkomste se datums is op die kwartaalprogram aangebring.

STUDY BUDDY

Study Buddy-sessies begin op 02/02/2012. Elke Dinsdag en Donderdag na skool kom ons bymekaar tot en met 15:00 in Kamer 21. Die eerste drie weke sal aan studiewenke gewy word.

HELP-’N-VRIENDPROJEK

Ons help Addies wat sekere benodigdhede kortkom. Ons benodig tans veral blikkieskos, linne, handdoeke en selfs ’n tafel en stoel. Ons vra dus u hulp met donasies. Indien u

enige iets anders het wat nie meer gebruik word by die huis nie, stuur dit asseblief vir ons. Ons bedank u voorlopig vir u bydraes.

HERWINNINGSPROJEKTE

Ons herinner u graag dat dié projekte deurlopend aan die gang is. Die **YSTERPROJEK** se fondse word alles in die busfonds gestort. Dit sluit enige yster-produkte in soos bv. ou rekenaars, yskaste televisiestelle ens.. U kan met mnr. Marais skakel vir enige metaal waarvan u ontslae wil raak. Hy sal dit by u huis of besigheids-perseel gaan haal as u dit nie self by die skool kan besorg nie.

Die ander afvalmateriaal wat herwin kan word bv. **GLAS, PAPIER, PLASTIEK** is 'n Landsdiensprojek en u kan met mev. Rheeder daaroor skakel.

MEJ. ADAMANTIA

Adamantia het dit goed gedink om hierdie nuwe projek vir dogters vanaf graad 9 tot graad 11 aan te bied, waar finaliste die geleentheid gaan kry om gedurende hierdie jaar 'n gemeenskapsprojek te doen in haar gemeenskap en 'n formele tafel te dek tydens ons damesoggend.

Die Gemeenskapsprojek:
Die doel hiervan is om aan Adamantia se dogters die geleentheid te bied om 'n verskil in hulle gemeenskappe te gaan maak deur:

- 'n Nuwe projek.
- Betrokkenheid by 'n bestaande projek of instansie.
- Landsdiens hulp verleen.

Die meisies gaan instansies waarby hulle betrokke wil raak help en ondersteun, en 'n portefeulje saamstel waarin sy verlslag lewer van hoe sy geld ingesamel het en hoe sy nood in haar gemeenskap verlig het.
Hierdie is nie 'n skoonheidskompetisie nie en gaan ook nie oor hoeveel geld ingesamel word nie. Hierdie projek is om `n deel van jouself vir ander te gee en 'n verskil te maak.

Die dogters het reeds hul inskrywings gedoen en die nuwe finaliste vir 2012 is alreeds aangekondig.

VERJAARSDAE

4/2 Luheinn Breedt
Rulané Mitton
Regina Olifant

5/2 Deogracia van Schalkwyk
Comien Engelbrecht

6/2 Ruan Job
Elizné Mitchell
Tania Hayes
Rhewellyn Louw

9/2 Zenobia Matthee

11/2 Amore Harris

12/2 Talitha du Plessis
Nokkies Pekaha
Jason Witbooi

13/2 Juandré Opperman

14/2 Lohan Möller
Anuska Malan
Soon v.d Merwe

15/2 Lemarshe Marais
Ellie Human
Denise De Ridder
Michelle Jacobsz

16/2 Albert Hensberg

BELANGRIKE DATUMS

4/2 Ma en dogter–oggend
14/2 Valentynsdag graad 11
17/2 Valentynsdans vir volwassenes
23/2 Netbalproewe
24/2 Sokkie in skoolsaal